ATKV-betrekkings

ATKV-Klein-Kariba

Rekenmeester

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde rekenmeester by sy vakansieoord, ATKV-Klein-Kariba.

Die ATKV volg ’n gelyke indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n BCom-graad met toepaslike ondervinding. SAIPA-blootstelling sal tot die kandidaat se voordeel wees.
- Minstens drie jaar ondervinding as rekenmeester in krediteure, aankope, maandafsluitings, voorraad en rekonsiliasies. Ervaring met die teboekstelling van betalings, verwerking van grootboektransaksies en rekonsiliasie van hulpboeke, bankstate en intergroeptransaksies.
- Vertroud met kontanthantering, banke en kontant- en bankrekonsiliasies.
- Kennis van en ondervinding met Sage Intacct sal tot die kandidaat se voordeel strek.
- Moet rekenaarvaardig wees en moet gemaklik werk met die Microsoft-produkreeks, met veral ’n hoë vlak van MS Excel-vaardighede.
- Moet noukeurig, georden en detail-georiënteerd wees met ’n hoë vlak van akkuraatheid, en moet onder druk kan funksioneer.
- Moet goed in spanverband kan saamwerk.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Verwerking van grootboektransaksies en rekonsiliasie van hulpboeke, bankstate en intergroeptransaksies.
- Krediteure, aankope, maandafsluitings en rekonsiliasies.
- Instandhouding van interne beheerprosedures.
- Finansiële datasuiwering en administrasie.
- Verseker dat die ATKV se finansiële beleid en prosedures nagekom word.
- Verskaf bestuursondersteuning en proaktiewe afwykingsverklarings.
- Hulp met begrotingsamestelling, finansiële bestuursverslae en projeksies.
- Administratiewe take vir die finansiële afdeling.
- Bestuur en beheer van voorraad en bates volgens die interne beheeromgewing.

As jy graag vir so ’n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Adrien Viljoen by KKBetrekkings@atkv.org.za
Sluitingsdatum: **20 November 2023** voor **12:00**
Gebruik asseblief **KKFIN03** as verwysing.

As jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.